

Gespreksgids  
**SELFDE**  
**GESLAG**  
**VERHOUDINGS**



Sinodale Taakspan  
vir Leer en Aktuele Sake  
Wes-en-Suid-Kaapland





## **Selfdegeslagverhoudings in Gespreksgids**

*Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake  
Wes-en-Suid-Kaapland*

# Inleiding

Hierdie Bybelstudies is saamgestel vanuit die 2007-verslag van die Taakspan Homoseksualiteit van die NG Kerk, die 2008-verslag van die Taakspan Homoseksualiteit van die VGK, en die 2015-verslag oor hermeneutiek van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake. Vanuit hierdie drie dokumente is 'n duidelike trajek sigbaar oor die interpretasie van Bybeltekste, ook Bybeltekste wat oënskynlik met homoseksualiteit te make het, wat in hierdie Bybelstudies uiteengesit word.

Uiteraard is dit so dat daar lesers gaan wees wat hierdie teksgedeeltes anders verstaan en anders uitlê. Die doel van hierdie Bybelstudies is juis nie om Bybeltekste in 'n finale interpretasie te giet nie, maar om – vanuit die verslae van taakspanne wat oor baie jare heen hieraan gewerk het – teologiese roetes te karteer wat sou kon help met die gesprek oor selfdegeslagverhoudings binne gemeentes.

Die bydrae wat hierdie Bybelstudies maak, behoort egter as 'n vertrekpunt verstaan te word, en nie as 'n eindbestemming nie, aangesien gereformeerde mense die Bybel nie stuk vir stuk, vers vir vers of woord vir woord interpreteer nie, maar binne die geheel van die Bybelse korpus.

Willie Jonker sou sê gereformeerde gelowiges verstaan die Bybel as 'n boek wat deur mense in mensetaal geskryf is, en dat God Godself binne die weliswaar beperkte taal en ervarings van mense openbaar – ook in die Bybel.

Dit beteken wanneer die sogenaamde sewe tekste oor homoseksualiteit gelees word, dit nie in afsondering van ander belydenisse in die Bybel oor God en hoe God oor mense dink gelees mag of kan word nie.

Geloof is immers altyd op soek na verstaan, sou die kerkvader Anselmus sê. Daarom is die voorlopige antwoorde wat ons op hedendaagse vrae gee – soos hoe ons oor selfdegeslagverhoudings behoort te dink – altyd ondergeskik aan die belydenis dat God ons verstand en taal en ervarings te bowe gaan.

Met dit alles in gedagte word hierdie Bybelstudies aangebied vanuit die oortuiging – wat diep ingebed is in hoe gereformeerde kerke die Bybel hanteer – dat Jesus Christus die sentrum is van waaruit die geheel (sowel as spesifieke gedeeltes) van die Bybel geïnterpreteer moet word. Etiese beslissings moet telkens deur die bril van hierdie belydenis gestalte kry, juis omdat ons bely dat kennis van God se wil in Christus ontsluit word. Derhalwe staan die persoon en werk, die woorde en optrede van Jesus Christus sentraal tot die kerk se gesprek oor selfdegeslagverhoudings.

Drie vrae hoort by hierdie gesprek en kan telkens oor die betrokke teksgedeelte gevra word:

1. *Hoe maak die teksgedeelte sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
2. *Wat is die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
3. *Wat bely of openbaar die teksgedeelte oor God? (sakramentele lees)*

Hierdie vrae, of verskillende maniere om Bybeltekste te benader, verg egter dat die vreemdheid van die verhale, ervarings en taal wat in die Bybel gebruik word voortdurend in gedagte gehou sal word. Daarom is 'n letterlike lees van die Bybeltekste nie dieselfde as 'n literêre lees nie. Ons moet in die verskillende maniere waarop ons die Bybel lees – literêr, histories en sakramenteel – met die vreemdheid van die teks rekening hou.

Dit is veral duidelik wanneer ons die begrippe “homoseksueel”, “homoseksualiteit” en “gay” gebruik, want hierdie begrippe kom gewoon nie voor in die oorspronklike tale van die Bybel nie. Dit is alleenlik met 'n diep bewustheid van die vreemdheid van die Bybel dat ons oor die sewe tekste kan nadink.

*Opgestel deur die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake,  
Wes-en-Suid-Kaapland*

*Oktober 2015*

# Riglyne vir kleingroepe, selgroepe of Bybelstudiegroepe

h Groep sou die volgende ritme kon gebruik.

1. **Gebed:** *Vra God om self deur die Woord ons Leermeester te wees.*
2. **Eerste lees:** *Laat iemand die teksgedeelte hardop voorlees.*
3. **Oordenking:** *Laat iemand die verstaansriglyne vir die gedeelte voorlees.*
4. **Tweede lees:** *Gee kans dat elkeen die teksgedeelte weer lees met die riglyne in gedagte.*
5. **Eerste reaksie:** *Laat die groep nadink en praat oor die drie vrae wat ons altyd vir enige teks moet vra.*
6. **Verdere gesprek:** *As daar nog tyd oor is, kan die groep nou nog meer spesifiek gesels oor watter implikasies die teks vir selfdegeslagverhoudings het.*
7. **Gebed:** *Gee kans dat mense in die groep of elkeen afsonderlik in stilte met gebed afsluit.*

# Waardes vir die gesprek

Dit is belangrik dat hierdie gesprek binne 'n veilige en aanvaardende ruimte sal plaasvind. Daarom kom ons ooreen om voortdurend die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid uit te leef.

Laat iemand die volgende waardes voorlees.

## Liefde

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie.

## Respek

Re-spek – om weer te kyk. Om weer te sien dat ander my gelyke is, óók na die beeld van God gemaak is, óók opreg en eerlik aan die kyk is na die raaisel in die dowwe speël.

## Luister

Om ons aannames en voorveronderstellings te laat vaar sodat ons onbevange kan hoor wat mense sê. Om seker te maak ons hoor reg. Om vir ander met ons woorde en daede te wys ons het geluister.

## Omarm

Ons leef vanuit die omarming van God wat ons toevou soos 'n hen haar kuikens toevou, ongeag of ons dit verdien of nie. Daarom maak ons ook ons arms en harte vir mekaar oop en hou mekaar vas, al is en dink ons verskillend.

Laat die groep hulle hieraan verbind.

# 1. Die mens vertoon die beeld van God

## Genesis 1:27-28

*Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”*

## Verstaansriglyne

Baie mense vertolk hierdie teksgedeelte as die totstandkoming van 'n bepaalde skeppingsordening, oftewel 'n vaste en onveranderbare orde in God se skepping van die mens as man en vrou (v 27) en die opdrag tot voortplanting wat aan hulle gegee word (v 28). As hierdie gedeelte só geïnterpreteer word, word heteroseksuele verhoudings die norm as uitdrukking van God se ewig geldende wil, en dan bepaal hierdie beskouing hoe menslike seksuele omgang in die samelewing ingerig moet word.

Aangesien homoseksualiteit nie beantwoord aan die voortplantingsdoel waarmee God die mens geskep het nie, word selfdegeslagverhoudings derhalwe as 'n perverse afwyking van hierdie skeppingsorde beskou. Die moontlikheid om kinders te kan verwek word dan die bewysstuk vir hoe reg en natuurlik hierdie soort verhouding is, en vir hoe verkeerd en onnatuurlik selfdegeslagverhoudings is.

As ons die teks noukeurig ontleed, en dit nie summier word as 'n antigay-tek vertolk nie, word dit egter duidelik dat dit in die skepping van die mens as man en vrou in vers 27 nie in die eerste plek oor die seksuele oriëntasie van die mens gaan nie. Dit gaan hier eerder daarvoor dat sowel man as vrou na die beeld van God geskep is – en dat die vrou dus nie 'n minderwaardige wese in vergelyking met die man is nie. Man en vrou is gelykwaardig geskep, wil hierdie teksgedeelte beklemtoon, want dit is in gelykwaardige verhoudings dat die beeld van die drie-enige God duidelik word. Die mens-in-verhouding weerspieël die God-van-verhoudings. Met so 'n verstaan kan vers 28 dan ook nie as 'n opdrag tot voortplanting en vermeerdering beskou word nie, maar word dit duidelik dat seksualiteit 'n toesegging van seën aan die mensdom, aan mense-in-verhoudings, is. Binne so 'n beskouing is seksualiteit 'n gawe en 'n seën – nie 'n opdrag nie.

Gestel vers 28 beskryf seksualiteit nié as 'n seën nie, en wél as 'n opdrag, sou dit tog die onhoudbare situasie skep dat kinderlose egpare en mense wat nooit trou nie (soos Paulus, en trouens Jesus self) 'n ewig geldende ordening van God oortree. Dit sou ook beteken die gebruik van voorbehoedmiddels tydens seks, selfs in die huwelik, is teen die wil van God (wat juis die standpunt van die Katolieke Kerk is). As ons hierdie teksgedeelte wil vertolk asof voortplanting die lakmoestoets van ons seksualiteit word, moet ons ter wille van konsekwentheid nie alleen homoseksualiteit nie, maar ook die onvermoë én die onwilligheid om kinders te hê as onnatuurlik beskou.

Dit kom egter voor asof die teksgedeelte nié dit sê nie, maar hoofsaaklik aantoon dat mense-in-verhoudings, in hulle diversiteit, beelddraers van God is. Feitlik alle argumente vir die waardigheid van mense is in hierdie teksgedeelte gegrond, en in die belydenis dat mense nie geweld aangedoen mag word nie omdat hulle na die gelykenis van God geskep is.



Omdat die vraagstuk van **heteroseksualiteit** teenoor **homoseksualiteit** glad nie in hierdie gedeelte ter sprake kom nie, is dit vreemd en twyfelagtig om dit as bewysmateriaal vir die onnatuurlikheid van homoseksualiteit te gebruik.

### **Eerste reaksies**

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

### **Verdere gesprek**

- *Watter assosiasies het jy met die verstaan van die mens as beeld van God?*
- *Watter implikasies sou die belydenis dat mense die beelddraers van God is, kon hê vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings?*
- *Hoe dink jy oor jou seksualiteit?*
- *Help die teksgedeelte jou om jou anders oor jou seksualiteit te laat dink?*

## 2. Die mens is  n verhoudingswese

### Genesis 2:18-25

*Verder het die Here God ges : “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.”*

*Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die vo ls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees. Die mens gee toe name vir al die mak diere, die vo ls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie  n helper,  n gelyke, gekry nie.*

*Toe het die Here God  n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe  n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot  n vrou en bring haar na die mens toe.*

*Toe s  die mens: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.”*

*Daarom sal  n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word. Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.*

### Verstaansriglyne

Soortgelyk aan die vertolking van bogenoemde teksgedeelte is daar  n siening onder baie mense dat die skepping van man en vrou in hierdie tweede skeppingsverhaal gesien moet word as die totstandkoming van die heteroseksuele man-vrou-verhouding. Weereens dink sommige dat dit op  n manier beteken heteroseksuele verhoudings is  n universeel geldende skeppingsordening. God het man en vrou as aanvulling vir mekaar geskep, en hierdie skeppingsdoel van God kan sl gs verwesenlik word wanneer man en vrou (nie man en man of vrou en vrou nie) in  n verhouding van wedersydse aangetrokkenheid saam groei tot een. Hieruit volg die afleiding dat wanneer seks losgemaak word van die verhouding tussen man en vrou, soos in die geval van seks tussen persone van dieselfde geslag, seksuele omgang noodwendig pervers, onnatuurlik of verkeerd moet wees.

Weer berus s   n lees van die teksgedeelte op  n stel vooropgestelde idees oor die teks wat moeilik verdedigbaar is vanuit die teks self. In hierdie gedeelte gaan dit nogeens nie oor die totstandkoming van die heteroseksuele verhouding tussen man en vrou as algemeen geldende norm nie, maar oor die vraag oor wat die oorsprong van die seksuele aantrekkingskrag tussen man en vrou is. Teenoor die heidense natuurgodsdienste wat seksualiteit beskou as  n vitale krag wat uit die natuur opkom en wat gebruik kan word om die gode te manipuleer, word seksualiteit in hierdie gedeelte as  n gawe uit die hand van God gesien. Seksualiteit is deel van die geskape werklikheid van menswees en is bedoel om die alleenheid van die mens te besweer deur aan hom of haar die moontlikheid van intieme kameraadskap met  n medemens te bied.

Hierdie behoefte aan intimiteit en verhouding word nie vervul deur die diereryk nie, lees ons in vers 19-20. Dit is slegs in  n ander mens dat die mens uiteindelik  n pasmaat (OAV: “hulp”) vind. Die klem in hierdie gedeelte lê dus nie op die onderskeid tussen man en vrou nie, maar eerder op hulle eendersheid. Kameraadskap en wedersydse aangetrokkenheid is moontlik, nie omdat hulle van mekaar verskil nie, maar omdat hulle volgens vers 23 deel het aan  n gemeenskaplike menswees (OAV: “been van my gebeente en vlees van my vlees”; NAV: “een uit myself, een soos ek”) waarin geeneen van die ander lewende wesens waarvoor die mens  n naam gegee het, deel nie.

Al berus die onderskeid tussen man en vrou in hierdie gedeelte op die veronderstelling dat die verhouding tussen  n man en  n vrou die algemene grondpatroon van seksuele omgang

tussen mense is, word heteroseksualiteit nie voorgehou as die norm vir alle verhoudings nie. Anders gestel, die klem val nie op hoe verskillend die twee mense in 'n verhouding is nie, maar juis op hoe hulle gedeelde menswees 'n vervullende verhouding moontlik maak. Die teksgedeelte blyk met die intimiteit van menslike verhoudings besig te wees, eerder as om 'n ewig geldende patroon vir "die Bybelse model van die huwelik" te wil vestig. Trouens, die monogame verstaan van 'n huwelik is 'n redelik onlangse verskynsel in die Bybel aangesien poligamie – 'n man met meer as een vrou – 'n algemene verskynsel in die Ou Testament is. Om Genesis 2 as regverdiging vir die huwelik tussen een man en een vrou in gebruik, vereis dus dat ons die teks op 'n vreemde manier uit sy historiese werklikheid lig.

### **Eerste reaksie**

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

### **Verdere gesprek**

- *Hoe help die teksgedeelte jou om sin te maak van mense se behoefte aan verhoudings?*
- *Watter implikasies sou die belydenis dat mense verhoudingswesens is, kon hê vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings? En hoe sou sulke menseverhoudings dan kon lyk?*

### 3. Gasvryheid teenoor besoekers is ononderhandelbaar

#### Genesis 19:1-29

*Die twee engele het Sodom teen die aand bereik terwyl Lot juis in die poort van Sodom sit. Toe Lot hulle sien, het hy hulle tegemoet gegaan en diep gebuig en gesê: “Welkom, Menere! Kom tog na my huis toe en oornag daar. Julle kan ook julle voete was. Dan kan julle môre vroeg julle reis voortsit.” Maar hulle sê: “Nee, ons sal sommer op die plein oornag.”*

*Lot het egter so by hulle aangehou dat hulle by hom ingedraai en in sy huis ingegaan het. Hy het vir hulle ‘n maaltyd klaargemaak: hy het ongesuurde brood gebak, en hulle het geëet. Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel.*

*Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: “Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê.”*

*Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het, het hy gesê: “Nee, vriende! Moenie so ‘n verkeerde ding doen nie. Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met ‘n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom, doen julle dan met hulle wat julle wil. Moet net nie iets doen aan hierdie mans nie, want hulle het onder die beskerming van my dak ingekom.”*

*Toe roep die mans van Sodom: “Gee pad!” En hulle sê: “Hierdie kêrel het as vreemdeling hierheen gekom, en nou wil hy regter speel. Ons sal hom nog meer kwaad aandoen as vir sy besoekers.” Hulle het vir Lot teruggedruk en nader gekom om die deur oop te breek.*

*Toe het die mans wat in sy huis was, vir Lot binnetoe getrek na hulle toe en die deur gesluit, en die mans buite by die deur, oud en jonk, laat blind word sodat hulle nie die deur kon kry nie.*

*Die mans by Lot sê toe vir hom: “Wie van jou mense is nog hier? Skoonseuns of seuns of dogters of wie jy ook al in die stad het, vat hulle uit die plek uit! Ons gaan hierdie plek verdelg.”*

*Nadat hulle vir Lot-hulle buite die stad gebring het, sê een van die mans vir hom: “Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie! Moenie êrens in die vlakte vertoef nie, vlug berge toe, anders word jy omgebring.”*

*Toe het die Here swael en vuur van Hom af, uit die hemel uit, laat reën op Sodom en Gomorra.*

#### Verstaansriglyne

Baie mense dink die woede van God wat tot die verwoesting van Sodom gelei het, het direk verband gehou met seks tussen mense van dieselfde geslag. Van daar dan ook die gebruik van die begrip “sodomie” om na homoseks te verwys.

Hierdie verhaal het by talle mense die indruk geskep dat die Ou Testament homoseksualiteit uiters negatief skets en beoordeel. Die feit dat die manlike bevolking van die stad seksuele omgang wou hê met die twee engele wat by Lot aan huis was, word beskou as die een enkele gruweldaad wat aanleiding gegee het tot die Here se besluit om die stad te vernietig. Die verhaal moet op grond hiervan beskou word as ‘n ernstige waarskuwing oor die rampspoedige gevolge wat dié soort dade kan hê, meen diegene wat die teks só lees. Seks tussen mense van dieselfde geslag word volgens hierdie interpretasie negatief, as ‘n ernstige vergryp of oortreding voor die Here, beoordeel.

Dit is egter duidelik dat daar in hierdie verhaal nie sprake is van homoseksualiteit as sodanig nie, maar van ‘n poging tot verkragting deur die manlike (waarskynlik oorwegend

heteroseksuele) bevolking van die stad Sodom. Dit word bevestig deur die verwante verhaal in Rigters 19 waar 'n groep mans dit nie regkry om seks met 'n Leviet te hê nie en dan sy byvrou so erg verkrag dat sy daarvan sterf. Voorts moet daarop gewys word dat dit in albei verhale klaarblyklik gaan oor die gruwelike skending van die Ou Oosterse gasreg wat vereis het dat vreemdelinge met die uiterste gasvryheid ontvang moes word. Gasvryheid het bowenal beteken dat gaste kon aanspraak maak op beskerming teen hierdie soort geweld.

Dit is opmerklik dat nie één van die verwysings na Sodom in die res van die Bybel melding maak van die vermeende homoseksualiteit van die inwoners van die stad as oorsaak vir die verwoesting daarvan nie. In Esegïël 16:49-50 word die sonde van Sodom byvoorbeeld beskryf as hoogmoed en 'n sorgelose materialisme waarin daar geen plek was vir barmhartigheid aan die mens in nood en die arme nie. In Jeremia 23:14 sowel as Jesaja 1:10-17 word dit met sosiale onreg in verband gebring. In Lukas 10:10-13 verbind Jesus dit met die ongasvrye ontvangs wat die draers van die evangelieboodskap te beurt kan val. In Judas vers 7 word die aard van die sonde aangedui as die drang van mense om seks te hê met hemelse wesens. En in 2 Petrus 2:7 word daar in die algemeen na die sonde van Sodom verwys as "die losbandige lewenswyse van sedelose mense".

Dit is eers in die ná-Bybelse Joodse en Christelike tradisie dat daar sprake was dat die lot van Sodom die gevolg van die homoseksuele optrede van die bevolking was. In die Joodse tradisie kom die gedagte byvoorbeeld vir die eerste keer by Philo en Josefus voor, en in die Christelike tradisie by die kerkvaders Klemens van Aleksandrië, Johannes Chrysostomos en Augustinus. Die Bybelskrywers self bereik egter nog nie hierdie gevolgtrekking nie, soos hierbo aangetoon is. Dit is egter ondenkbaar dat groepverkragtings, soos in die verhale van Genesis 19 en Rigters 19, gelyk gestel kan word aan selfdegeslagverhoudings wat deur liefde en trou gekenmerk word. Nie net misken dit waaroor die tekste self gaan nie, maar dit verwar ook geweld met koestering, haat met liefde, en vergrype met verbondenheid.

## **Eerste reaksie**

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

## **Verdere gesprek**

- *Hoe laat die teksgedeelte jou oor gasvryheid dink?*
- *Watter eise sou die teksgedeelte aan die kerk kon stel ten opsigte van die gebruik van gasvryheid teenoor mense wat uitgesluit en uitgebuit word?*
- *Watter implikasies sou die handhawing van die belangrikheid van gasvryheid vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings kon hê?*

## 4. Tempelprostitusie hoort nie by Israel nie

### Levitikus 18:1-22

*Die Here het vir Moses gesê: “Praat met die Israëliete en sê vir hulle: Ek is die Here julle God. Julle mag nie maak soos die Egiptenaars by wie julle gewoon het, of soos die Kanaäniete na wie se land toe Ek julle bring nie. Julle mag hulle gebruike nie navolg nie. Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God. Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here ... Jy mag nie ‘n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is ‘n afstootlike sonde.”*

### Levitikus 20:1-26

*Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Israëliete: Elke Israëliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan Molek wy, moet met die dood gestraf word: die burgers moet hom met klippe doodgooi, anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat die wyding van ‘n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig. “Wy julle aan My. Wees heilig, want Ek is die Here julle God. Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens. Ek is die Here, Ek heilig julle aan My. “Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen ‘n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood. “Julle moet heilig lewe, want Ek die Here is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om aan My te behoort.”*

## Verstaansriglyne

Hierdie twee verse word deur sommige beskou as die heel duidelikste aanduiding in die Ou Testament dat seks tussen mans uitdruklik verbied word. Dit word afgelei uit die beskrywing van homoseks as ‘n walglike en haatlike daad (*tô’evâ*, NAV: “gruwelike sonde”). Die grondslag vir dié skerp veroordeling en streng strafbepaling (volgens Lev 20:13 is dit doodstraf vir albei betrokke partye) het volgens hierdie beskouing te doen met die beskerming van seksualiteit in sy “heteroseksuele bestemmingsfunksie tussen man en vrou” – so lui die argument. Dit is opvallend dat daar egter geen sprake van ‘n letterlike toepassing van hierdie strafbepaling is onder dié wat hierdie twee gedeeltes wél as ‘n letterlike veroordeling van homoseksualiteit beskou nie.

Tog is dit sterk te betwyfel of hierdie twee gedeeltes oor *homoseksualiteit* as sodanig gaan. Dit gaan dalk eerder oor bepaalde soorte homoseksuele *dade*. Trouens, die vertaling “homoseksualiteit” wat hier gebruik word, is ‘n vrye interpretasie wat nie só in die grondteks staan nie. Dit is méér waarskynlik dat die betrokke twee verse verband hou met kultiese tempelprostitusie wat algemeen in die Kanaänitiese vrugbaarheidsrituele beoefen is. Vergelyk byvoorbeeld hoe die term *tô’evâ* in Deuteronomium 23:18 gebruik word, waar dit weereens gaan oor die verbod op tempelprostitusie, sowel homoseksueel as heteroseksueel. Hiervolgens is die saak wat in die twee tekste in Levitikus afdag word nie seks tussen mense van dieselfde geslag as sodanig nie, maar seksuele verkeer in die kultiese samekoms met die uitsluitlike doel om God te manipuleer om vrugbaarheid aan die individu en die gemeenskap te skenk. Súlke seksuele dae, hetsy homoseksueel of heteroseksueel, hoort nie in die erediens van Israel nie.

Die kultiese aard van die verbod in hierdie twee gedeeltes word bevestig deur die konteks waarin dit voorkom, naamlik die sogenaamde “Heiligheidsboek” (Lev 17 – 26) waarin ons allerlei rituele reinheidsreëlings aantref. Geeneen van hierdie reëlings word egter as moreel-etiese



uitsprake bedoel nie, maar gebruik as maatreëls om die reinheid van die Israelitiese kultus te verseker.

Dit is duidelik wanneer dit vergelyk word met ander bepalings wat ook met rituele reinheid te doen het – die verbod op die eet van bloederige vleis (17:10); die verbod op letterlike kontak met 'n vrou wat menstrueer (18:19); die verbod op die kruisteling van diere, die plant van verskillende soorte saad in dieselfde akker, en die dra van klere wat van verskillende soort materiaal gemaak is (19:19); die verbod op die knip van die hare voor die ore en die wangbaard en die aanbring van tatoeëermerke (19:28), en die verbod op gestremdes om as ampsdraers in die erediens op te tree (21:17-21).

Die twee tekste in Levitikus word soms ook binne die konteks van die uitgebreide familieverband in Ou Israel geïnterpreteer. Soos ander bepalings in Levitikus 18:6-23 en 20:9-21 het dit dan te doen met die regulering van seksuele verhoudings binne die familie. Die bedoeling van al hierdie bepalings is om die behoud van en respek vir familieverhoudings te beklemtoon. Binne hierdie konteks word insidentele homoseksuele dade veroordeel word op grond van die negatiewe uitwerking wat so 'n daad op die onderlinge verhoudings tussen lede van die uitgebreide familie het. Tog verwys sulke dade steeds nie na durende homoseksuele verhoudings nie, maar na heteroseksuele persone wat op insidentele manier homoseksuele dade met mekaar pleeg – en daardeur skade berokken.

## **Eerste reaksie**

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

## **Verdere gesprek**

- *Hoe maak jy sin van al die kultiese rituele en vereistes in hierdie teksgedeeltes?*
- *Watter implikasies sou die teksgedeeltes se klem op opregte aanbidding en die soeke na die Here vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings kon hê?*

## 5. Seksuele losbandigheid is skandelik

### Romeine 1:20-27

*Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas.*

*In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar oenteer.*

*Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.*

*Daarom gee God hulle oor aan skandelige drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.*

### Verstaansriglyne

Hierdie verse word deur heelwat mense beskou as die duidelikste bewys dat die Bybel geheel en al téén homoseksuele gedrag gekant is deurdat sulke gedrag oënskynlik beskryf word as die manifestering van “skandelige drifte” en as “teen die natuur” (*para fusin*). Laasgenoemde uitdrukking word beskou as 'n verwysing na God se skeppingsorde, met die implikasie dat dit wat *para fusin* is in stryd met God se skeppingsbedoeling is. Hier blyk dit duidelik dat só 'n interpretasie deurgaans, reeds vanuit die Genesis-tekste, met die idee van 'n orde en rangskikking van mense moet werk om stand te hou.

Weereens is dit onwaarskynlik dat Paulus na homoseksualiteit as sodanig verwys, maar eerder na spesifiek uitbuitende en promiskue seksuele daade wat in die Grieks-Romeinse wêreld van destyds algemeen bekend was. Die konteks waarin die verse voorkom, bied 'n skerp veroordeling van die destydse (nie-Joodse) heidendom wat deur Paulus in terme van goddeloosheid, ongeregtigheid en die verering van afgode getipeer word. Hierdie konteks maak dit duidelik dat dit hier gaan oor mense wat 'n doelbewuste keuse téén God gemaak het. Ná hierdie veroordeling (v 20-23) volg 'n beskrywing van algemene seksuele losbandigheid in die heidense wêreld (v 24-25), wat 'n beskrywing van (spesifiek homoseksuele) losbandigheid insluit (v 26-27) maar nie daartoe beperk word nie. Homoerotiese seksuele daade, wat nie deur sosiale instellings (soos die huwelik) beheer kon word nie, is as tipies van seksuele losbandigheid en 'n gebrek aan selfbeheersing gesien.

Paulus het hier 'n beskrywing van losbandigheid in gedagte, wat duidelik blyk uit die terminologie wat hy gebruik: “sedelike onreinheid” en “ontering van die liggaam” met verwysing na seksuele wangedrag in die algemeen, en “skandelige drifte” (*pathé atimias*) en “brand van begeerte” met verwysing na homoseksuele wangedrag in die besonder. Veral die gebruik van die Griekse term *pathé* (hier in die meervoud, in die NAV vertaal met “drifte”) is van belang aangesien dit spesifiek na onbeteuelde passie of wellus verwys. Wat *pathos/pathé* onaanvaarbaar maak, is nie die feit dat dit in 'n spesifieke geval (soos in v 26) in homoseksuele gedrag tot uitdrukking kom nie, maar dat dit onbeteuelde wellus as sodanig is – wat óók onaanvaarbaar is wanneer dit in heteroseksuele gedrag voorkom. Net soos die skerp oordeel oor seksuele losbandigheid in die



algemeen (soos in v 24-25) nie beteken seksualiteit as sodanig word daarmee as sondig afgewys nie, kan die skerp oordeel oor homoseksuele losbandigheid (in v 26-27) nie sondermeer as 'n veroordeling van selfdegeslagverhoudings as sodanig geïnterpreteer te word nie.

Die verstaan van "natuur" is hier belangrik. Dit is opvallend dat die term wat hiervoor gebruik word (*fusus*) elders by Paulus nie as 'n verwysing na die skeppingsorde gebruik word nie, maar as 'n verwysing na die algemeen aanvaarbare gedrag wat bepaal word deur die sosiale norme en kodes van die samelewing. Dit is byvoorbeeld hoe die term in 1 Korintiërs 11:14 gebruik word, waar gesê word dit is teen "die algemene opvatting" (*fusus*) vir 'n man om lang hare te hê – 'n uitspraak wat tog nie beteken dat lang hare by 'n man teen God se skeppingsbedoeling is nie. Wat Paulus, volgens hierdie interpretasie, waarskynlik in gedagte het, is dus nie noodwendig dat sekere soorte seksuele gedrag teen God se skeppingsbedoeling is nie, maar bloot dat promiskue seksuele gedrag nie in ooreenstemming met die sosiale kodes en norme van die destydse Joodse samelewing was nie.

## Eerste reaksie

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

## Verdere gesprek

- *Watter implikasies sou die teksgedeelte se skets van hoe seksuele gedrag, hetsy homoseksueel of heteroseksueel, nie moet lyk nie vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings kon hê? Wat impliseer dit dan vir hoe verhoudings móét of kán lyk?*

## 6. Seksuele misbruik van mekaar is nie toelaatbaar nie

### 1 Korintiërs 6:9

*Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.*

*En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.*

### 1 Timoteus 1:5-11

*Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveerinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie. Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die evangelie van die heerlijkheid van die salige God wat aan my toevertrou is.*

## Verstaansriglyne

Die spesifieke terminologie hier, wat deur baie Bybelvertalings (verkeerdelik) met "homoseksualiteit" of selfs "sodomie" vertaal word, belangrik om kan te verstaan oor watter sake of kwessies dit vir die Bybelskrywers gaan. Daar was 'n tyd toe die Griekse terme **malakoi** ("verwyfdes") en **arsenokoitai** ("manslapers"), wat in hierdie teksgedeeltes gebruik word, geïnterpreteer is asof dit met homoseksualiteit in die algemeen te doen het en onderskeidelik dui op die passiewe en die aktiewe partye in 'n homoseksuele verhouding. In die NAV word dit as 'n algemene verwysing na homoseksualiteit geïnterpreteer en vertaal met "mense wat homoseksualiteit beoefen", terwyl die OAV van die selfs meer kras beskrywing "sodomiete" gebruik maak.

Daar is vandag al hoe meer verklaarders wat daarop wys dat dié twee terme waarskynlik nie na homoseksuele optrede in die algemeen verwys nie, maar dat dit onderskeidelik betrekking het op mans of seuns wat hulleself seksueel laat misbruik, onder meer as manlike prostitute, en op mense wat jong seuns seksueel misbruik.

Volgens hierdie uitleg moet die verwysings veral verstaan word teen die agtergrond van hierdie praktyke, oftewel "pederastie", wat destyds redelik algemeen in die Grieks-Romeinse wêreld voorgekom het. Dié praktyk het behels dat 'n volwasse man – benewens sy huwelik – 'n verhouding met 'n minderjarige seun aangeknoop het met die oog op begeleiding tot volwassenheid, maar waarin seksuele bevrediging gewoonlik ook 'n belangrike rol gespeel het. Weereens is die praktyke wat hierdie teksgedeeltes in gedagte het nie optrede binne 'n durende selfdegeslagverhouding wat gekenmerk word deur liefde en trou nie, maar insidenteel,

uitbuitend en gemotiveer deur seksuele bevrediging. Manlike (soos vroulike) prostitute was meestal slawe, en hulle eienaars het nie alleen hulle arbeid nie, maar ook hulle liggame “besit”.

Dit is nogeens onwaarskynlik dat hierdie terme hoegenaamd éniets te doen het met homoseksualiteit soos dit vandag verstaan word aangesien dit heel waarskynlik as algemene terme vir seksuele losbandigheid verstaan moet word. Die grondslag wat hiervoor aangevoer word, is dat genoemde terme nooit in die Patristiese of latere kerklike literatuur met verwysing na homoseksuele daade gebruik word nie, maar eers in die 13de eeu deur Thomas van Aquino in dié verband gebruik is. Weer blyk dit dat ’n interpretasie wat homoseksualiteit in die Bybelteks inlees ’n latere ontwikkeling was en dat die Bybelskrywers sêlf nie seksuele oriëntasie hierin gedagte gehad het nie.

Hierdie teksgedeeltes hanteer nie die kwessie van seksuele oriëntasie as sodanig (wat ’n moderne idee is wat eers in die 19de eeu ontwikkel het) nie, en spreek sigself dus nie uitdruklik uit oor selfdegeslagverhoudings soos ons dit vandag ken en verstaan nie.

## **Eerste reaksie**

- *Hoe maak hierdie teksgedeelte nou vir jou sin binne die breër samehang van die Bybel? (literêre lees)*
- *Wat verstaan jy nou oor die kultuur-historiese agtergrond van die teksgedeelte? (historiese lees)*
- *Wat bely of openbaar die teksgedeelte vir jou oor God? (sakramentele lees)*

## **Verdere gesprek**

- *Watter voorbeelde van seksuele uitbuiting en losbandigheid is vandag in ons samelewing sigbaar?*
- *Hoe help die teksgedeeltes jou om te dink nie net aan hoe seksuele verhoudings nie moet lyk nie, maar ook oor hoe seksuele verhoudings móét en kán lyk?*
- *Watter implikasies sou die teksgedeeltes se beeld van hoe seksuele gedrag nie moet lyk nie én hoe dit kán lyk vir die gesprek oor selfdegeslagverhoudings kon hê?*

## Ten slotte

Dit is opvallend dat, hoe hierdie Bybeltekste ook al geïnterpreteer word, daar geen direkte verwysings na die **seksuele oriëntasie** is van mense wat tot mense van dieselfde geslag aangetrokke is nie – en dat hierdie klein hoeveelheid teksgedeeltes 'n baie smaller grondslag vir beoordeling bied as byvoorbeeld die verwysings in die Bybel na die onderhorige posisie van die vrou met betrekking tot die man en na die vanselfsprekendheid waarmee die praktyk van slawerny as normaal aanvaar is.

Die feit dat albei laasgenoemde kwessies deur die kerk beoordeel word as kultuurgebonde en nie as geldend vir alle tye nie, ten spyte van duidelike Bybelse uitsprake daarvoor, maan ons ten minste tot versigtigheid in die gebruik van genoemde tekste by die beoordeling van die kwessie van homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudings. In die Bybelse tye is die menslike liggaam as eenduidig verstaan, nie tweërlei as man en vrou nie. Die vroulike liggaam is as die inverse of omgekeerde van die manlike gesien, en in seksuele praktyke moes hierdie orde gehandhaaf word. Homoerotiese daade was algemeen in die antieke Griekse en Romeinse samelewings, maar is met agterdog en kritiek bejeën omdat sulke daade manlike heerskappy uitgedaag het.

Dit is hoogs onwaarskynlik, en sterk te betwyfel, of bogenoemde tekste direk van toepassing is op die beoordeling van homoseksualiteit soos ons dit vandag verstaan. Terwyl die genoemde tekste deur sommige verklaarders as verwysings na die verskynsel van homoseksualiteit as sodanig beskou word en derhalwe geïnterpreteer word as 'n duidelike aanduiding dat die Bybel 'n sterk negatiewe oordeel daarvoor uitspreek, is daar 'n ewe sterk oortuiging dat hierdie tekste eerder beskou behoort te word as verwysings na spesifieke, perverse vorme van seksuele daade tussen mense van dieselfde geslag (soos verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pederastie), ook omdat homoerotiese seks in die Antieke Tyd met bandeloosheid en 'n gebrek aan selfbeheersing verbind is, maar dat dit nie as 'n veroordeling van homoseksualiteit as sodanig beskou kan word nie.

Om seksuele oriëntasie in 'n leefwêreld van antieke tekste in te lees – 'n leefwêreld wat homoseksuele daade geken het, maar wat die ontwikkeling van die kategorie van seksuele oriëntasie nie geken het nie – is vreemd en verdag. Dit vra van ons om met respek vir die vreemdheid van die ervarings en taal van die Bybelskrywers om te gaan.

Met ander woorde (en om prakties te wees): Dit sou teologies onhoudbaar wees om enige van hierdie tekste toe te pas op iemand wat as toegewyde gay Christen tot die besef kom van sy of haar alternatiewe seksuele identiteit en oriëntasie. Hulle besluit tog nie doelbewus om "God nie te eer of te dank nie" (vgl Rom 1:21), of om pervers te leef nie, of om mans te verkrag nie, of om in 'n onbehoorlike seksuele verhouding met naby bloedfamilie betrokke te wees nie. Die tekste hanteer hoegenaamd nie die vraagstuk van mense van dieselfde geslag wat as gelowiges in liefde en trou in verhouding met mekaar tree nie.

Die belangrikste vraag vir ons wat op die oomblik oor selfdegeslagverhoudings nadink, en in biddende afhanklikheid van die Here op reis gaan met die Woord van God gelei deur die Gees van Christus, is hoe ons die héle Bybel – en nie net individuele teksgedeeltes wat ons met homoseksualiteit assosieer nie – toelaat om ons gedagtes en opvattinge hieroor te deurdrenk. Dikwels benader ons die Bybel met die alleendoel om ons vooropgestelde idees te bevestig – ons soek dalk selfs dié teksgedeeltes op en uit wat dit vir ons sou kon doen – in plaas daarvan om ons oop te stel en bloot te stel om verras te word deur die Woord en deur die Gees.

Mag hierdie ontdekkingstog vir ons elkeen individueel en vir ons as gemeenskap van heiliges saam 'n uitdaging en 'n seën wees.

